Skoon(heid) reg vir kroon!
Wanneer die Mej. Wêreld-kompetisie op 4 Oktober plaasvind, sal Mej. Namibië, Marelize Robberts, slaggereed wees

Rapport
ONS PRAAT JOU TAAL

Toer saam met Bokke
Wen 'n reis na Engeland en sien die Bokke op Twickenham.
vodacom GROOTSTE Ondersteuners Toer 2008

Sondag 10 Augustus 2008

09/08/2008 14:30 - (SA)

Fassinasie met boeke het tot groot sukses gelei

Helen Ueckermann

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

'n Slangkenner wat nie fiksie lees nie, maar die grootste onafhanklike boekwinkelketting in die land besit, outeur, wetenskaplike, fotograaf, student en entrepreneur.

Mnr. Johan Marais, besturende direkteur van Fascination Books

Mnr. Johan Marais, besturende direkteur van Fascination Books, is al dié dinge in een gerol.

Hy het sy loopbaan as entrepreneur begin toe hy in 1994 as verkoop- en bemarkingsdirekteur van Southern Books in die pad gesteek is.

Vandag is hy die eienaar van 32 boekwinkels landwyd en die eerste toetreder tot die formele nasionale boekkleinhandel in 30 jaar wat sukses behaal. Slegs Exclusive Books en die CNA is groter.

En hy is boonop oorgehaal om Kalahari.net ore aan te sit as voorste internetverspreider van boeke.

"Verkope en bemarking was net nie my soort werk nie. Lang vergaderings en streng kantoorure het my nie gepas nie, en die maatskappy het dit ook gou agtergekom en my ná ses maande laat gaan.

"Skielik was ek op my eie en sonder enige spaargeld. Daar was natuurlik wel 'n huisverband, 'n motorpaaiement en my dogtertjie het net begin skoolgaan. Ek moes vinnig 'n plan maak," sê Marais.

Vriende van Marais het destyds op 'n snuffelmark met boeke sake gedoen. Hulle het boeke wat uitgewers nie verkoop kon kry nie teen 50c elk gekoop en teen R2 op die snuffelmark verkoop.

"In die stalletjie oorkant was daar 'n Indiërvrou, me. Usha Madhav, wat my aangemoedig het om my eie onderneming te begin.

"Die probleem was dat ek nie geld gehad het nie en ook nie kredietwaardig was sodat finansiële instellings my as lener sou oorweeg nie."

Die uiteinde was dat Madhav en haar man, Mac, as finansierders opgetree het van 'n winkel in die Eastgate-winkelsentrum in Johannesburg, terwyl Marais die winkel namens hulle drie gehuur en bedryf het.

"Die winkel was 'n deurmekaarspul wat alles verkoop het van Chinese geskenke, Italiaanse modetydskrifte, verjaardagkaartjies en boeke.

"Ek het voorheen gewerk as polisieman, kurator van die Transvaalse Slangpark, het polisse verkoop en die streekkoerant Heidelberg Heraut begin. Ek was die outeur van verskeie boeke oor slange en het selfs die krokodilplaas by Sun City begin, maar van die kleinhandel het ek minder as niks geweet.

"Ek het geleer deur met ander winkeleienaars vriende te maak en hulle alles te vra wat ek moet weet.

"Ná vyf maande het ek my vennote uitgekoop en die onderneming alleen voortgesit. Gelukkig het ons in die voorafgaande maande goed voorraad opgebou en ek het onmiddellik begin wins maak."

Kort daarna het Marais verneem dat die regstreekse verkope-reus Glomail sy boekafdeling wil sluit, maar dat hy met 'n oorskot boeke sit.

"Ek het in hul pakhuis gaan kyk, geskat dat daar sowat 40 000 boeke lê en aangebied om dit te koop teen R3,50 elk. Glomail het ingestem dat ek dit kan afbetaal soos wat ek die boeke verkoop.

"Ek het blitsvinnig gereël dat ek 'n leë winkel kan gebruik om die boeke in te stoor, en ook maar goed, want dit was uiteindelik 280 000 boeke wat by my afgelaai is, veel meer as wat ek aanvanklik geskat het. Die rekening was amper R1 miljoen, vergeleke met my omset wat in daardie stadium maar R50 000 was!

"Ek het die boeke op tafels in die gange van die sentrum verkoop teen onderskeidelik R29, R39 en R49 en Glomail binne drie maande afbetaal.

"Dit het my die kapitaal gegee om my tweede winkel te open," vertel Marais.

'n Groot deel van sy voorraad is steeds oorskotboeke.

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

Werk Tuis.
R10,000+ per maand deeltyds Ons is op soek na 6 Sleutel Mense
www.richlife.co.za/nessie

10 Rules of Flat Stomach
Cut Down 9 lbs of Stomach fat every 11 Days By Keeping These 10 Rules.
FatLoss4Idiots.com

"Uitgewers verbrand heeltyd hul vingers en gee boeke uit wat niemand wil hê nie. Ek koop dit by hulle vir baie min, dalk R10, en verkoop dit dan weer vir R49. Dit is boeke wat toe dit aanvanklik vir R200 op die rak was, geen aftrek gekry het nie. Maar vir onderR50 is dit skielik baie gewilde leesstof.

"Dit beteken nie dat dit nie goeie boeke is nie, maar dui wel daarop dat boekpryse te hoog is vir die Suid-Afrikaanse mark."

Op dieselfde grondslag voer hy boeke uit die buiteland in.

Benewens 'n goeie voorraad boeke oor 'n verskeidenheid onderwerpe, soos kookkuns, musiek, kuns, argitektuur, fiksie en kinderboeke, lê hy ook klem op Afrikaanse leesstof en geestelike boeke.

Marais verskaf werk aan sowat 400 deeltydse personeellede wat saans en in die naweek werk asook 400 heeltydse werknemers.

Sy onderneming het van die begin in 1994 af jaarliks met 30%-40% gegroei.

"Mense wat hul eie ondernemings wil begin moet bereid wees om hard en slim te werk. Hulle moet nie kitsresultate verwag of gulsig wees nie. Dit neem tyd om 'n goeie onderneming op te bou.

"In die kleinhandel is daar die goue reël dat daar 'n goeie balans gehandhaaf moet word tussen kontantvloei, omset en wins. As een van die drie nie in plek is nie, is jy in die moeilikheid.

" 'n Mens moet ook nie sentimenteel wees oor jou onderneming of oor jou voorraad nie. Bly koelkop en neem besluite op 'n goeie sakegrondslag."

Marais se volgende projek is om Kalahari.net die stryd aan te sê.

"Op www.fascinationbooks.co.za is reeds 2,5 miljoen boeke te sien en daar is al meer as 3 miljoen resensies.

"Ek beoog om oor drie jaar Suid-Afrika se voorste boekwebwerf in bedryf te hê. Ek verwag dat dit 'n groter deel van my bedrywighede gaan word as die boekwinkels."

Marais wil met die webwerf veral klem lê op akademiese boeke op skool- en tersiêre vlak.

-- Top stories in hierdie kategorie --

Rapport

PROMOSIE

Tomb Raider
Ontdek jou innerlike avonturier en sluit by Lara Croft aan vir 'n vermaaklike soektog na legendariese skatte. Binne die antieke wonderwereld van hierdie "5 reel 15 payline" slot masjien, aangebied deur Piggs Peak, mag jy dalk net verrras word met ongelooflike pryse wat jou asem sal wegslaan! **Kliek hier**

Bespaar NOU met OUTsurance!
Kommer die stygende rentekoerse jou? **Bespaar** tot en met **25%** op jou **versekeringspremie.** **Kliek hier** vir 'n gratis kwotasie.

Gratis R100 Internet Kasino-Bonus om jou geluk mee te beproef
Het jy geweet dat jy als die opwinding van dobbel en groot boerpotte wen uit die gemak van jou huis kan geniet? Aanlyndobbel is die nuwe gonswoord. As jy dit nie doen nie is jy uit pas met die res. Geen deposito is betaalbaar om toegang tot die beste in aanlyndobbeltegnologie te kry nie.KLIEK HIER

Laaik.it

Kry Rapport op jou Facebook-profiel

Kliek hier vir groot afslag as jy inteken op Rapport!